

16 Januarie

Ons geloof word getoets en gesuiwer

Skrifgedeelte: 1 Petrus 1:1-9 (1983-vertaling)

Fokusgedeelte: 1 Petrus 1:3-9

Die dood is elke dag met ons. Ek gaan laai my kinders by die skool af en 'n motorfietsryer word voor ons oë van sy motorfiets afgery. "Motorfietsryer sterf," berig die koerant. Vier en twintig uur later vorder ons drupsgewys in spitstyd, net betyds om te sien hoe 'n voetganger toegegooi word onder 'n kombens. Met die noodtoneel nog vars in die geheue, stap ek in die hospitaalgange van 'n hartomleidingslidmaat na 'n kankerlidmaat. Die dood is elke dag om ons.

Ons leef in 'n getraumatiseerde samelewing. Maar ons is nie uniek nie. Petrus praat van "allerhande beproewings" (vs 6). Let egter fyn op hoe die apostel oor allerhande beproewings praat. Hy traumatiseer sy lidmate nie nog verder nie. Hy omring sy gesprek oor beproewings met gesprekke oor blydskap. Weerskante van sy gesprek oor beproewings skryf hy oor Jesus se opstanding uit die dood (vs 3) en van sy wederkoms (vs 7) wat lei tot 'n onuitspreeklike en heerlike blydskap (vs 9). Tussenin, so saam met die praat oor allerhande beproewings, praat hy van 'n lewende hoop op 'n onverganklike, onbesmette en onverwelklike erfenis. Boonop word beide die erfgenaam en die erfporse vir mekaar bewaar (vs 4, 5).

En terwyl ons op pad is na ons hemelse erfporse, word ons geloof getoets en gesuiwer deur allerhande beproewings. So werk die Heilige Gees met God se gelowiges. Hy het immers 'n doel – ons geloof moet lof en heerlijkheid en eer waardig wees by die wederkoms van Jesus (vs 7).

Sing: SB 18-6:1-5

Ds. Louis Aucamp (Bloemfontein-Suidheuwels)